	CVO Skool Pretoria	Uitgawe **A**
	Posbus 75385 Lynnwoodrif 0040 Tel (012) 809-0127 Faks 088 012 809 0127 E-pos: cvopta@bcvo.co.za	Dokument nommer **CVO-PTA-BLD-20**

SKOOLREëLS

GOEDKEURING				
	Naam	**Taakspan**	**Handtekening**	**Datum**
Opgestel deur	Lucia van Wyk	Opvoedingsraad		2007-07-13
Aanbeveel deur		Opvoedingsraad		
Goedgekeur deur	Dr. B.J.E. van Tonder	Opvoedingsraad		

HERSIENINGSGESKIEDENIS			
Uitgawe	**Gedeeltes beïnvloed**	**Nagegaan deur**	**Datum**
A	Eerste uitgawe		2007-07-13

INHOUDSOPGAWE :

1. SKOOLREËLS EN REËLS OOR VOORKOMS.....4
1.1 Skoolreëls en ander reëlings.....4
.....4
1.2 Voorkoms van leerlinge.....8
1.3 Algemene optrede.....8

1. Skoolreëls en reëls oor voorkoms

1.1 Skoolreëls en ander reëlings

Ons skool het ‘n Protestant Calvinistiese lewensbeskouing. Ons grondreëls is dus die Bybel en daarom is onchristelike gedrag ook ‘n oortreding van die skool se reëls.

- **Aantree soggens en na pouses. Klok lui om 7:25 uur**

  - Stiptelikheid word te alle tye verwag (voor en gedurende skoolure)
  - Leerlinge moet om 07:25 wanneer die klok lui, dadelik in hul rye aantree, stilstaan en stilte handhaaf.
  - Enige aantree voor skool en na pouses moet ordelik en in stilte sonder eet- of drinkgoed geskied. Leerlinge mag nie na die instapbevel eers kleedkamers toe gaan nie, maar moet reguit klaskamers/saal toe.
  - Dit word van elke leerling verwag om Wyding met 'n Bybel in sy besit by te woon.
  - Leerlinge meld direk na pouses aan by die klas waar hulle na pouse moet wees.

- **Pouses**

  - Geen leerling mag voor skool of gedurende pouses sonder die toesig / toestemming van ‘n onderwyser in klaskamers wees nie.
  - Niemand mag nadat hy / sy by die skool gearriveer het buite die skoolterrein beweeg nie.
  - Leerlinge mag nie baklei of mekaar vloek nie.
  - Hoërskoolleerlinge mag in die swembadarea sit en gesels, maar nie speel nie.
  - Laerskoolleerlinge van graad 4 tot 7 speel suid van die inrypad, d.w.s. in die gebied wat bekend staan as Proteapark of op die rugbyveld.
  - Die kleuters, graad 1 tot graad 3 leerlinge speel in die omgewing van hul klaskamers. Die nabye omgewing van dié klaskamers is verbode terrein vir die groter leerlinge.
  - Leerlinge mag nie by of in die personeel se voertuie speel of sit nie.
  - Gevaarlike speelgoed soos bv. Voëlrekke (“ketties”) mag nie skool toe gebring word nie. Dit sal gekonfiskeer word.
  - Geen spelery mag in blombeddings plaasvind nie.
  - Die klok dui die einde van die pouse aan, dan moet alle spel gestaak en dadelik na die klasse beweeg word. Geen spelery sal dan geduld word nie.
  - Balle mag slegs op die rugbyveld geskop word.

- **Klaswisseling**

  - Klaswisseling moet ordelik en vinnig geskied.
  - Leerlinge mag nie tydens klaswisseling kleedkamers toe gaan nie.

- Leerlinge mag nie tydens klaswisseling speel nie.
- Leerlinge mag nie aan die einde van 'n periode nadat die klok reeds gelui het geselsies met 'n personeellid aanknoop as hulle elders heen moet gaan vir 'n klas nie.

- **Kleedkamers**

  - Enige spelery in die kleedkamers is verbode.
  - Die kleedkamers moet te alle tye netjies en sindelik gehou word.
  - Die kleedkamers in die hoofgebou mag net deur die graad 10, 11 en 12 leerlinge gebruik word.
  - Die kleedkamers in die omgewing van die laboratorium word tydens LO vir aan- en uittrekdoeleindes gebruik.
  - Die eerste tien minute van Aktiwiteitsperiodes sal ingeruim word vir leerlinge om te verklee vir die aktiwiteite wat volg.

- **Lesperiodes**

  - Leerlinge mag tydens lesperiodes slegs besig wees met werk wat van toepassing is op die vak wat gedurende daardie periode aangebied word.
  - Leerlinge en onderwysers mag nie tydens lesperiodes versnaperinge geniet nie, behalwe as dit deel is van die roetine wat die onderwyser/es vir daardie lesperiode beplan het.
  - Tydens lesperiodes mag leerlinge nie deur hul optrede die onderwyser/es of mede-leerlinge steur of inbreuk maak op die onderrig om op die wyse mede-leerlinge te benadeel nie. Leerlinge mag slegs verdaag as die onderwyser/es die nodige toestemming verleen het.
  - Leerlinge mag nie sonder die toestemming van 'n betrokke vakonderwyser 'n lesperiode by dié onderwyser misloop nie. (Geen leerling word die klaskamer verbied of na buite gestuur nie, behalwe kantoor toe.)
  - Leerlinge mag nie tydens lesperiodes op die terrein ronddwaal of buite die klaskamer wees nie, al is sy / haar vakonderwyser(es) afwesig.
  - As 'n personeellid nie betyds vir 'n klas opdaag nie, moet die leerlinge die klaskamer binnegaan en hul boeke uithaal of, indien die klas gesluit is ordelik en sonder 'n lawaai of 'n gespelery voor die klas op die personeellid wag. Een van die leerlinge in die klas moet die personeellid dan gaan soek en herinner dat hy/sy 'n klas het.

- **Huiswerk en toetse**

  - Elke leerling in die laerskool moet in besit van 'n dagboek wees waarin alle huiswerk, toetsdatums, toetspunte, verdienstes en enige ander inligting wat belangrik is, aangeteken kan word.
  - Alle huiswerk is verpligtend en moet op die vereiste datum aan die begin van die lesperiode voltooi wees.
  - Huiswerk moet daagliks in die dagboeke aangeteken word by die datum waarop 'n stuk werk voltooi moet wees.

- Toetse moet volgens die kwartaallikse toetsrooster geskryf word en mag nie, behalwe in buitengewone omstandighede verskuif word nie.
- ‘n Maksimum van twee toetse per dag, of drie toetse per week mag deur ‘n individuele leerling geskryf word. (Kontrole toetsies word nie hierby ingesluit nie, d.w.s. toetse wat minder as ‘n kwartier duur.)
- Toetse wat a.g.v. siekte misgeloop word, sal na die oordeel van die onderwyser geskryf word / nie geskryf word nie.

- **Skooltasse**

  - Skooltasse moet gemerk word.
  - Skooltasse moet aan die begin van elke pouse buite die klas waar die leerling na pouse gaan wees, geplaas word.
  - Tydens werkskof word die tasse by die klas geplaas waar die leerling na werkskof moet aanmeld .
  - Dit is ‘n oortreding om in ‘n ander persoon se tas te krap.
  - Wegsteek van tasse is ‘n ernstige oortreding.

- **Werkskof**

  - Gedurende werkskof mag geen tasse op die vloer in klaskamers, of in die gang, of in die kleedkamers of in Boerblok geplaas word nie.
  - Tydens werkskof moet leerlinge onmiddellik by hul werkspunte aanmeld, op die werkspunt bly en hul werk doen totdat die klok lui. 'n Spelery sal nie geduld word nie.
  - Geen verkleëry vir aktiwiteitsperiodes mag tydens werkskof plaasvind nie.

- **Taalgebruik**

  - Geen onbehoorlike en vuil taal mag deur leerlinge gebesig word nie.
  - Leerlinge moet 'n suiwer taalgebruik aankweek.

- **Rook en verwante aktiwiteite**

  - Leerlinge mag nie op die skoolterrein of op enige uitstappie waar die skool verteenwoordig word rook, dwelms gebruik of alkoholiese drank drink nie.
  - Geen rookgoed, dwelms of sterk drank mag gedurende skoolure of tydens enige aktiwiteit van die skool, waar ook al, in die besit van leerlinge wees nie.
  - 'n Leerling van 'n CVO skool mag hom/haar nêrens skuldig maak aan bogenoemde euwels nie.

- **Algemene gedrag**

  - Leerlinge moet deur hul optrede in die skool en buite die skool die goeie beeld van die skool bevorder.
  - Leerlinge mag nie mede-leerlinge afknou of hul menswaardigheid aantas nie.
  - Geen opmerkings wat die beeld van ons skool kan skaad mag teenoor of in die teenwoordigheid van enige besoeker/vreemdeling by ons skool, ongeag sy ras, gemaak word nie.
  - Die optrede teenoor diesulkes moet getuig van beskaafdheid.
  - Die opsetlike verdraaiing van die waarheid of die verkondiging van valshede.
  - Opsetlike verspreiding van krenkende praatjies wat skadelik is vir personeel of ‘n medeleerling.

- **Leerlinge en gesagsfigure**

  - Leerlinge moet te alle tye die personeel, ouers van die skool en besoekers aan die skool met die nodige eerbied en agting behandel.
  - Leerlinge moet die gesagsposisie van die personeel en almal wat oor hulle aangestel is (d.w.s. ook die leerlingraad) respekteer. Gehoorsaamheid en respek aan gesagsfigure word verwag.
  - Ondermyning van 'n personeel se gesag met voorbedagte rade of aanhits of aanmoediging van enige ander leerling om dit te doen is onaanvaarbaar,

- **Leesstof, video’s, musiek, selfone**

  - Geen pornografiese materiaal of enige ander lektuur wat in stryd is met die beginsels soos neergelê in die etos van die skool mag op die skoolterrein vertoon of versprei word nie.
  - Geen persoonlike radio’s, kassetbande of videokassette mag skool toe gebring word nie, tensy gereël met 'n personeellid. Vooraf goedkeuring van die spesifieke musiek/video deur die hoof of adjunkhoof word vereis.
  - Video’s mag net vertoon word indien 'n personeellid op vorm CVO-PTA-VRM-031 goedkeuring daarvoor ontvang het.
  - Selfone mag nie tydens skoolure aangeskakel of sigbaar wees nie. (Dit sluit pouses, werkskof en aktiwiteitsperiodes in.)
  - Die veilige bewaring van selfone is die leerling se eie verantwoordelikheid.

- **Persoonlike eiendom en verlore goedere**

  - Leerlinge moet ander leerlinge se besittings met rus laat en die eiendom van ander respekteer, d.w.s. nie neem, wegsteek of beskadig nie.
  - Alle eiendom van leerlinge moet gemerk wees.

- **Netheid van geboue en terrein**

  - Leerlinge mag nie rommel strooi nie – hulle moet die terrein help netjies hou.
  - Enige skade wat op enige wyse aan skooleiendom berokken word, moet by die kantoor aangemeld word en die herstel / vervanging daarvan is die verantwoordelikheid van die betrokkenes en hulle ouers.

- **Reëls vir swem**

  - Leerlinge mag nie sonder toesig swem nie.
  - Meisies en seuns verklee in hul kleedkamers by die laboratorium. Leerlinge moet stil verklee.
  - Kleedkamers moet altyd netjies gelaat word.
  - Leerlinge moet hulself behoorlik afdroog voordat hulle die skoolgebou betree.
  - Leerlinge mag nie in swemdrag of sportdrag in klaskamers wees nie.
  - Seuns en dogters mag slegs in swemdrag swem.
  - Geen leerling mag 'n ander leerling in die swembad instamp nie.
  - Niemand mag met skool- of gewone klere in die swembad gegooi word nie of teen sy/haar wil in die swembad gedwing word nie.

- **Die Rekenaarsentrum**

  - Geen leerling mag - ook buite formele skoolure – bv. Saterdae, die rekenaars gebruik sonder toesig van die betrokke onderwyser / hoof / adjunkhoof nie. Geen persoonlike diskette of speletjies mag gebruik word sonder toestemming nie.

1.2 Voorkoms van leerlinge

Sien voorskrifte van Kleredragkomitee (CVO-PTA-BLD-008).

1.3 Algemene optrede

Geen leerling mag buite die skoolterrein in skoolure wees sonder die nodige toestemming van die personeel EN die leerling se ouers nie.